
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

***DATUM:** 9 Maart 2025*

---

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Ekumensiteit-Buiteland
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** GKSA Sustentasiefonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

---

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

---

## Diensbeurte

**Vandag:** Ell. 03, Ell. 04 & Ell. 05

**Volgende week:** Well. 06 & Goedgedacht

---

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Huisbesoek

**Komende week:** Goedgedacht

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

---

## Katkisasie

**Vandag:** Les 6

**Volgende week:** Les 7

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese
***(let asseblief op dat tyd verander het)***

---

## Skinkbeurte

**Vandag:**
**<u>Ellisras 03</u>**
Nannie de Bruyn, Suzanne Franck, Susan Haasbroek, Irma Jooste, Elni Jooste, Maritza Lehmann, Tahlita jv Rensburg & Carmen Wolfaardt.
**<u>Ellisras 04</u>**
Sarie Chambers, Marlien de Ridder, Marna Harmse, Hannetjie Hattingh, Jacomien Smit & Ansume van der Linde.
**<u>Ellisras 05</u>**
Lizann Botha, Elmarie Coetzee, Chantal Doshe, Cornet Eloff, Ane Lourens, Essie Venter & Charlene van Staden.

**Volgende week:**

**Ellisras 06**

Mariana du Plessis, Elize du Plessis, Petra Grobler, Caitlin Pelser, Landa Pelser, Chantal Roux, Gine Strydom, Theunsina van Rooyen & Carissa du Plessis.

**Goedgedacht**

Ronel Cronje, Emsie du Plessis, Lizbe du Toit, Laurika Elmes, Marietjie vd Walt, Tineke vd Walt & Martie Smit.

---

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 9de | Barend du Plessis | Ell. 06 |
| | dpl Jane van Eeden | Ell. 03 |
| 10de | Riekie Elmes | Ow. 04 |
| | Andre jv Vuuren | Ow. 17/19 |
| | dpl Simone Trichardt | Tambotie |
| | **Nellie Wagener (85)** | **Ow. 04** |
| 12de | dpl Maylene du Plessis | Ow. 14 |
| | Pieter Nel | Ow. 02 |
| | Kallie Pelser | Ow. 14 |
| 14de | Corrie Elmes | Weltevrede |
| 15de | Nico de Bruyn | Ell. 03 |
| | Burger du Plessis | Ell. 06 |
| | Marina du Plessis | Ow. 04 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

---




*Bespreek teen Dinsdag en dui aan of u beef of hoenderburger verkies.*

*Wegneem burgers ook beskikbaar.*

# Preekvoorligting Sondag 9 Maart 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 33:1,2; Ps. 33:11; Ps. 77:1,6; Skr. 17:1,5,6; Ps. 36:2,3

**Lees:** Matt. 6:19-34

**Teks:** Matt. 6:33.

**Tema: Ons word geroep om onder die regeermag van Christus te buig.**

### *Die soeke na die koninkryk.*

In die bergpredikasie is Christus besig om die skare voor hom te onderrig oor die implikasie en die betekenis van God se regeermag in die lewe van sy gelowige kinders. Christus leer egter dat die burgers van sy koninkryk eerste die koninkryk van God moet soek. Die koninkryk wys op die regeermag van God soos dit in Christus openbaar word. Om dit te soek beteken dat die burgers van die koninkryk hulle gedagtes, woorde en dade op die koningskap van Christus moet rig. Sy regeermag moet sigbaar word in die lewe van sy burgers.

### *Die soeke na die geregtigheid.*

Op dieselfde vlak van die soeke na die koninkryk van God moet die burgers van die koninkryk ook daarop ingestel wees om die geregtigheid van God te soek. Die geregtigheid van God beteken eenvoudig gestel om dit wat reg is in die oë van die Here te doen. Waar die soeke na die koninkryk van God ons gedagtes op Christus rig, rig ons soeke na geregtigheid ons dade op gehoorsaamheid aan ons koning. Christus het vir ons volkome aan die geregtigheid van God voldoen, maar deur die werking van die Gees kan en moet ons nou hierin wandel.

### *Die wonder van versorging.*

Die hoofgedagte van hierdie gedeelte van die bergpredikasie gaan oor die mens se soeke na stoflike dinge en die kwellinge van elke dag se bestaan. Maar wanneer ons aandag op die koninkryk van God en sy geregtigheid gerig is kan ons in die vaste vertroue leef dat Hy al die dinge wat ons nodig het aan ons sal gee. Dit beteken nie dat ons geen verantwoordelikheid het nie, maar dat ons in ons roepingswerk nie meer op ons self en ons eie aspirasies gerig is nie. Nou werk ons om God te verheerlik in die wete dat Hy ons daagliks versorg.

# Preekvoorligting Sondag 9 Maart 2025

## Aand erediens

Sing: Ps. 71:1,9;  Ps. 145:1,2; Ps. 145:3,4,5.

Lees: Matt 28:16-20; Son 8

Teks: Son 8

Tema: **Op grond van Christus se openbaring glo ons in die Goddelike Drie-eenheid.**

*Die belydenis van die drie eenheid*

Te midde van die feit dat kennis ▯ baie belangrike deel van ons geloof is, is daar tog sekere dinge wat vir ons te wonderbaar is om te verstaan. Een van hierdie dinge is die leer van die drie eenheid. Wanneer Christus sy dissipels hulle laaste onderrig gee voordat Hy na die hemel opvaar beveel Hy hulle om die evangelie aan al die nasies te verkondig en de wat glo te doop. Hierdie doop moet in die naam van die Drie-Enige God geskied. Alleen hulle wat deur ‘n ware geloof in Christus ingelyf is kan die wonder hiervan aanvaar.

*Die openbaring van die Drie-eenheid*

Deur die geskiedenis van die kerk het hierdie leerstuk voortdurend onder skoot gekom. Alhoewel die woord “Drie-Eenheid” nie in die Bybel voorkom nie is die saak tog duidelik. By die geboorte van Christus sien ons dit en die volk kon dit by Christus se doop se self hoor. In die Naam van die drie enige God word verbondskinders en bekeerlinge gedoop, gegroet en geseën. Hierdie werklikheid word nie bepaal deur die verstaanbaarheid vir die menslike brein nie, maar berus alleen op die self bekendmaking van God in sy Woord.

*Die wese van die Drie-eenheid*

Vader Seun en Heilige Gees word aan ons bekend gemaak en ons kan in Hom glo. Die wese hiervan kan ons wel onderskei maar nie los van mekaar maak nie. Die Vader openbaar Homself aan ons as die Skepper en onderhouer van hemel en aarde. Hy is die bron van alle goeie gawes aan sy kinders. In die openbaring van God die Seun sien ons die heerlikheid van die verlossingsplan van God bekend gemaak. In God die Heilige Gees word die Vader en die Seun verheerlik.